

DEXTER

23 Februarie 2006 Kontakdexter@mailbox.co.za

Jou Eie Koerant



Tuks studente help laasweek 15 Februarie 2007 om 32 000 briewe oor misdaad aan Mbeki se kantoor met kruiswaens af te lewer. Dit was deel van Solidariteit en AfriForum se briewe-inisiatief om Mbeki te wys watter impak misdaad in Suid-Afrika het.

Demokrasie sneuwel op UP

Kees Steyn

“Die einde van demokrasie.” so beskryf oud SR-lede die nuwe grondwet.

Die nuwe SR sisteem is die einde van die demokratiese beginsel van een mens een stem op kampus. Dit ontnem die studente die reg om vir hul leiers op grond van hulle beginsels en politieke oortuigings te stem. Die UP het die verandering aangebring terwyl ander Universiteite soos die Universiteit van die Vrystaat juis sy stelsel na die UP se ou stelsel van politieke verteenwoordiging volgens ‘n proporsionele stemming verander het.

“Die Universiteit kon kies vir demokrasie. Hulle kon die pad aanwys na die normalisering van die Suid-Afrikaanse samelewing. Maar dit wil voorkom of die totale vernietiging van enige mag in studente se hande, en die bevordering van blatante rasisme en diskriminasie vir die Universiteitsbestuur belangriker is.” Sò sê Barend Uys, sekretaris-generaal van die VSR tydens die termyn 2005/2006.

In Hoofstuk 1 van die nuwe VSR grondwet, wat deur die Universiteitsbestuur goedgekeur maar deur lede van die 2005/2006 VSR verwerp is, word die volgende terme gedefinieer: “*Black is a generic term which means Africans, Coloureds or Indians as defined in the Employment Equity Act, 55 of 1998.*”; “*White means any person who is not black as defined in this Constitution.*”

Uys het skerp gereageer op die nuwe Grondwet. “So, ons bly in ‘n vry “nuwe”

“nie-rassige” Suid-Afrika? Hoekom dan die noodgedwonge woorde soos “swart” en “wit” in ‘n grondwet?”

“Die meeste van die VSR se voorstelle, soos een man een stem, en die wegdoening met rassisme in die grondwet is deur die Universiteit se gesagstrukture verwerp. Die VSR is bloot gebruik om die proses legitiem te probeer maak. Op die ou end het bestuur presies deurgevoer wat hulle wou gehad het. Ek, en ander oud VSR-lede verwerp hierdie grondwet wat op geen stadium deur die VSR of enige ander wettige studente verteenwoordigende struktuur goedgekeur of aanvaar is nie” sê Uys.

Volgens die nuwe grondwet bestaan die nuwe studente verteenwoordigende struktuur uit twee dele: die Algemene Vergadering (AV), en die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) wat die uitvoerende gesag van die liggaam is.

Studente word gedwing om binne sekere Universiteitstrukture te stem en is die reg ontnem om te organiseer in groeperings wat hul spesifieke belange kan dien soos byvoorbeeld Christen- of Afrikaanssprekende belangegroep.

Die AV word uit die volgende groepe saamgestel: fakulteite, koshuise (10), daghuise (5), diensverskaffers (een elk) en die Mamelodi kampus (3).

Die VSR bestaan uit 21 lede. Dit behels een verteenwoordiger vir beide Mamelodi en die diensverskaffers, terwyl daghuise en koshuise elk 2 verteenwoordigers kry.

Dan die groot rassistiese skok: 13 mense uit die fakulteite word tot die VSR verkies, maar

die regulasies in die grondwet lui as volg: “*at least four must be black, at least four must be white*”. Daar word ook seksistiese kwotas gestel.

Die koshuise se 10 en Daghuise se 5 AV lede word nie deur studente verkies nie, maar deur huidige Hk’s. Slegs HK lede of oud HK lede is verkiesbaar.

“Dit is so goed soos om die Stadsrade in Suid-Afrika te laat stem vir wie in die Parlement moet sit. Dit is absurd, en teenstrydig met alle gesonde beginsels van demokrasie”, het Uys aan Dexter gesê. (Vervolg op bl.2)

Maloney's

Lewendige musiek van
Maandag tot Saterdag!

“Happy hour!”
van 16h00 tot 19h00:

Koop 1 Cocktail - kry 1 gratis!
Dubbel Klipdrif & Coke R12
Castle Draught R8,50
2 Dubbel Vodkas & Spike R25

Heeldag:
Burger & Bier/drankie
R25

Redaksioneel

In 2007 is die Dexter hier om te bly, al is demokrasie reeds weg op kampus. Die volgende sal seker vryheid van spraak wees. Dit is lankal nie meer toegelaat onder die UP gesubsidieerde media nie (wiens brood men eet, diens woord men spreek). Vryheid van spraak en persvryheid op UP is besig om soos die demokrasie die pad van Oom Rob Mugaab en Zim te volg. Dalk is dit ook hoekom Topbestuur so gemaklik met China en hul totalitêre kommunistiese bestel oor die weg kom, en selfs gasheer vir hulle president speel. Gelukkig is Dexter gestaal om in 2007 die waarheid onverdraaid en onverdun aan die studente op Tuks weer te gee. CJ Langenhoven

het gesê: “Gee my ‘n man wat sê wat waar is as die duiwel daar is, wat doen wat reg is as die regter weg is. Wat trou by sy gewete bly as hy straf in plaas van verdienste kry.” Dexter is werklik jou eie koerant en nie die propaganda traktaatjie van Topbestuur en die studentedekaan nie. Vanjaar gaan weereens bepalend vir die taalstryd op Tuks wees. Dis vanjaar die 75ste jaar wat Tukkies Afrikaans is, en dit sal van ons afhang om dit so te hou. Hou Dexter dop vir die nuus wat jy eintlik nie behoort te lees nie.

Sterkte aan die span van Dexter, dis ‘n uitdaging om in ‘n totalitêre omgewing jou joernalistiese integriteit te behou.

Joseph J Steyn (Redakteur)

NA MY
MENING...

Huisgenoot-Hannelie en De la Rey se spook

Verlede week braak twee Huisgenoot-journaliste gal oor Bok van Blerk en die mense wat gaande oor sy De la Rey-liedjie is. Die Euromasochis Hannelie Booyens wat iewers jammer is dat sy nie een van Amy Biehl se ouers kon wees wat haar dogter se moordenaars uit Gugulethu eers kon vergewe en toe in diens kon neem nie, kry koue rillings as sy ‘n stillerige jong ondersteuner by Bok se konsert raaksien. “Dis die Wit Wolf!” mymer Huisgenoot-Hannelie. En, skryf sy op bladsy 22 van die grootste Afrikaanse gesinstydskrif wat vandeeweek, wonder bo wonder, geen gemengde paartjie op die voorblad het nie: “Dis ouens soos hy wat laatnag op webtuistes komplote smee om die regering omver te werp en volksvreemdes uit die weg te ruim.”

Ek moet sê, Huisgenoot-Hannelie het nogal ‘n humorsin. Sy noem ministers Manto en Nqakula en Xingwana en die res waaroor Blou Willem op Maandae in *Beeld* grappies maak ‘n “regering”.

Bok van Blerk, moet ons toegee, het nie net ‘n rekord aantal CD’s verkoop nie; hy het ook kiloliters ink vanuit die bekommerde hoofkwartier van denkbeheer by Heerengracht 40, Kaapstad, laat vloei.

Maar alles is nie wel in die ruwe Suid-Afrika nie. Skielik is daar te veel Afrikaanse liedjies, te veel kunstefeeste, te veel skole soos Ermelo wat weier om stilstil te verengels, te veel oranje-blanje-blou vlage wat plek-plek uitgehaal word. Soos ons weet, is die geskiedenis besig om homself te herhaal.

Ná die Tweede Vryheidsoorlog, soos ná 1994, was almal veronderstel om Engels te wees en in Engels skool te gaan. Toe William Nicol in 1917 voorstel dat Johannesburg ‘n Afrikaanse hoërskool kry, het *The Star* bytend uit Shakespeare se Hamlet aangehaal: *there’s something rotten in the state of Denmark*.

Huisgenoot-Hannelie en haar handlanger,

ene Sieraaj Ahmed, bespeur insgelyks “iets wat stink in die ruwe Suid-Afrika”. Die heer Ahmed - miskien neem hy aanstoot aan so ‘n Eurosentriese aanspreekvorm en moet ek hom eerder ajatolla Ahmed noem - word skoon flou toe hy die ou landsvlag sien. Hy kry hartkloppings van die “simbool van verdrukking” soos hy dit noem. Asof die motgevrete moord-en-roofvlag wat tans vuil en verwaarloos bokant polisiestases druipe ons met ‘n besondere gevoel van veiligheid vervul. Dis nou die plekke waar manne in blou so graag omkoopgeld aanvaar - as hulle nie die dag siek is of somer net in die tuig snork soos hulle slaap nie.

Die spook van De la Rey wat iewers oor die vlakke aangery kom op die maat van Bok van Blerk se liedjie is besig om, soos die spook van Hamlet, konsternasie by die howelinge en veral die lakeie te veroorsaak. Kennelik boesem die spook van Koos de la Rey en ‘n herrese Afrikanervolk wat nie meer skaam vir sy geskiedenis, taal en identiteit is nie, vrees in.

Vandaar ook die verbod op Bok van Blerk se liedjie by Loftus wat oor die naweek afgekondig (en later opgehef) is. Die bestuur by Loftus kla oor die “politieke inhoud” van die lied en beskou dit as omstrede. Hoe meer omstrede dit word, hoe meer mense gaan daarna luister. Die jeug en Bok de la Rey het deur al die politiek korrekte skanse van die ruwe Suid-Afrika gebreek. Niks kan hierdie opwelling van Afrikaner-sentiment meer stuit nie.

Daarom: Moenie bekommer nie, Hannelie. Ek is seker daardie “jong lat” en sy vriende by Bok se konsert gaan jou nie met klippe gooi of met messe steek soos Amy Biehl se voorbeeldige jong moordenaars nie. Hulle mag jou net van jou *hang-ups* oor ‘n sg. “verregse jeug” bevry.

Dan Roodt

Bogenoemde is die skrywer se eie mening, en nie noodwendig die van Dexter nie

Briewe

Dexter ‘n stem vir die waarheid

Julle laaste uitgawe van Dexter van voor tot agter gelees, ek kan my self net indink wat universiteit admin dink maar ek dink julle is regtig besig om ‘n verskil te maak. Al is dit nou net om ‘n minderheid van die sake op kampus aan die res van die studente te vertel sonder om die waarheid weg te steek. Hou aan met die goeie werk, ek wag in spanning op die volgende een. **MJS**

Ingenieurs verslind Dexter

Ek is ‘n derde jaar metalurgiese Ingenieur op die UP. Hiermee wil ek self namens al my ingenieursvriende vir jul baie dankie sê vir die Dexter koerantjie. Ons is bly om te sien dat daar nog mense is wat nie bang is om goed te sê soos wat dit is nie! Die Dexter het ‘n goeie impak op die kampus veral aan die ingenieurs-kant van die kampus. Hiermee wil ek julle vra dat julle meer koerante sal publiseer. **Staal Burger**

Demokrasie sneuvel

(Vervolg vanaf bl. 1)

In al hierdie gevalle word vereis dat die verkose studente “*representative of the demographic composition*” moet wees. ‘n Uitsondering op dié punt word egter vir die Mamelodi kampus gemaak.

Die hele samestelling van die AV is ondemokraties. ‘n HK lid het byvoorbeeld 2 stemme, maar as hy ook betrokke is by ‘n diensverskaffer, het hy 3 stemme. Studente op die Mamelodikampus kan tot soveel as 4 stemme per student hê. Dit terwyl ‘n gewone dagstudent op hoofkampus met net 1 stem kan sit. Die VF+ se jeugleier, Cornelius Janse van Rensburg, sê die VF+TAS is daartoe verbind om seker te maak dat geen student se regte onder enige verkiesingsstelsel benadeel word nie.

KRISISVERGADERING TEEN MISDAAD

10 Maart 2007 om 10.00 v.m.

Lynwood NG Kerk, Pretoria
met Steve Hofmeyer, Dan Roodt,
Gideon Meiring en ander bekendes.

*Help ons om 'n landwyse
buurtwagnetwerk te
vestig met eie kommunikasie
en opleiding.*

Kontak inlig@praag.org of sms
die woord MISDAAD aan 32545.

www.praag.org
daaglikse nuus en menings

35 000 besoeke in Januarie 2007!

UP STUDENTE VEREER SA SE PAPIERTIER POLITICI



Die SA-Tiere toekennings is vanjaar vir die eerste maal aangebied deur Solidariteit: Jeug.

Alhoewel die kompetisie taai was in sekere velde, was daar tog duidelike weners wat hulle self onderskei het deur 'n gebrek aan uitnemendheid.

So het oud-adjunkpresident Dr Zuma onbestrede as die wenner na vore getree in die Shower-laks-toekenning vir vigsbestryding, aangesien hy 'n manier ontdek het om vigs te voorkom - iets wat geen wetenskaplike in die veld in 20 jaar kon regkry nie - deur 'n stort behandeling. By die Honourless Crooks toekenning was die kompetisie so groot dat die prys tussen al die parlamentslede van die reistoelaag bedrog gedeel moes word.

Barend Steyn van die Jakaranda Cantusgilde oorhandig hier in absentia die HIV-Fiksietoekenning vir vigsbestryding aan haar edele Mantu Tshabala-Msimang, die minister van gesondheid.

Rooi China neem UP in

Pieter Roets

"UP wys sy ware kleure met rooi Sjina" was die ontstoke reaksie van 'n student wat sy klasse moes mis toe die President van China die UP kampus besoek het. President Hu Jintao, wat volgens die ontstoke nagraadse student (wat graag anoniem wil bly) gekom het om Afrika finansiële tot neo-kolonialisme te dwing, het op Woensdag 7 Februarie 2007 die kampus besoek.

Buiten sy 150 leiwigte, het hy ook voorskrifte gehad dat hy nie meer as nege trappe mag klim of verder as 20m mag loop nie. Die Aula het hom egter gedwing om sy reëls in die verband te breek. Alle studente wat die verrigtinge wou bywoon, moes deur Nasionale Inteligensie veilig verklaar word.

Die besoek het ook tot gevolg gehad dat alle klasse by die Teologiese Fakulteit vir die duur van die staatshoof se besoek afgegee is. Studente was ontstoke en het gevra hoe 'n Teologiese Fakulteit sy klasse kan opskort om na 'n kommunistiese en ateïstiese leier te gaan luister. Dit terwyl daar nog klomp vrae oor geloofsvryheid en menseregte in China te vra is.

Dit is egter volgens die teologiese studente vir hulle nie vreemd nie. Daar word volgens hulle reeds vakke geleer soos die Bybelse etiek van "Herverdelling van grond" en "Regstellende aksie".

Daar het ook studente hul bekommernis uitgespreek oor die posisie van Taiwan wat die enigste deel van China is wat nie onder komunistiese beheer is nie. In die nuwe wêreldtoestande versak al meer lande Taiwan ten gunste van die magtige China terwille van ekonomiese voordeel.

China was ook een van die kommunistiese ondersteuners van die terroriste in Suid-Afrika, met veral die PAC wat Chinees gesteun was. Anders as in Rusland, het die kommunistiese bestel in China nie tot 'n val gekom nie, en ook in Cuba en Noord-Korea ly die mense nog onder die dekmantel van 'vryheid en gelykheid' terwyl hulle onderdruk en vervolgd word.

Dit is volgens Francois van Greunen van die ASB baie vreemd dat daar omtrent geen reaksie oor die wanpraktyke van China geopper was nie, terwyl daar so vinnig en maklik uit al wat 'n menseregte-organisasie op kampus is, teen sy party uitsprake gemaak word oor hul plakate wat niemand enige kwaad aangedoen het nie. Die ASB het uit verskeie oorde klagtes ontvang van sogenaamde menseregteskendings tydens die laaste SR verkiesings.

Rek jou rande in Hatfield

Vir die gemiddelde student is finansies maar altyd 'n probleem, dus het Dexter besluit om te gaan kyk na die beste manier om jou geld te rek as jy wil uiteet en kuier. Hierdie is die gids vir manne (en vroue) wat die rande so styf druk dat Van Riebeeck se oë traan.

Maloney's se hamburger aanbieding is een van die mees gebalanseerde etes op die lys. Die aanbieding bestaan uit 'n groot hamburger, chips en 'n 500ml tapbier teen slegs R25. Hierdie is beslis die wenner. Daar kan dalk wel geredeneer word dat 'n hamburger, chips en bier nie dieëtkundig gebalanseerd genoeg is nie..

In die tweede plek is Cafe Livingston se Hoender Schnitsel (R25 voor 18:00), maar alhoewel mens groente kry (waaroor jou ma seker bly sal wees) is drank ekstra. As dit egter tussen 4-6 genuttig word, is die prys slegs R15 vir twee 500ml biere.

Derde in die kosaanbiedings is die Chinese restaurant in Akademia se verskillende roerbraai-geregte (R24-R30) wat dalk goeie afwisseling kan wees en miskien selfs ook gesond(erig).

Vir diegene op 'n vloestofdiefte is Maloney's se "happy hour" 'n moet. Livingston se Lemoensap-en-Vodka aanbieding mag selfs help teen verkoue of so iets. Dit betaal ook om hopeloos te vroeg Dropzone toe te gaan, om hulle "koop een kry een gratis" aanbod uit te buit.

Vir manne wat egter van baie bier en ouer vroue hou is Presley's se 'vaste-bedrag-drink-tot-jy-lê' aanbod altyd 'n winskoop. Die groot geheim is net om altyd te drink tot jy begin wins maak. Hier is dit wel belangrik om seker te maak dat jy nie die obscure drank en shooters drink nie. Hou by bier, daai ander goed maak jou blind.


Vir die regte platsak student is daar altyd die papsak-plan. 'n Papsak is gemaklik, prakties en goedkoop. Dis ook uniek - waar anders kry jy witwyn wat soos litchies proef? Onthou egter goedkoop dronk is goedkoop siek.

As jy regtig bankrot, is kombineer die papsak-kuier en 'n bring en braai. Jy kan in die middestad wors koop teen R12 per kg. Die wors is baie verdag, so hou jou stuk goed dop as julle dit by die ander vleis gooi. Help ywerig braai en sorg net dat jy nie van jou eie wors eet nie. As jou vriende jou komplimenteer oor jou lekker wors, sê bloot dis jou oom se wors met jou ouma se eie resepte en verander die onderwerp.

As jy na 'n lekker aand op Hatfield se plein (Afrikaans vir Square) gekuier het, en jy by Joost se garage stop vir 'n vetkoek, koop eerder 'n Voortrekker Special as 'n Large Chicken Surprise. Dit kos minder as die helfte, en op daardie stadium gaan jy nie die kwaliteitsverskil agter kom nie.

Kuier en eet lekker, maar hou matigheid voor oë. Onthou eerstejaar-sindroom is niemand se maat nie.

Vierkleur vier 150ste



Majuba troon teen die agtergrond van 'n perdekommando wat die slag uitgebeeld het, tydens laasjaar se Majuba fees. Die Vierkleur, vanjaar 150 jaar oud, gaan weereens feestelik wapper met die vieringe in 2007.

Kevin Nel

Die Vierkleur waai weer oor Transvaal. Dis vanjaar 150 jaar nadat die Vierkleur die amptelike vlag van Transvaal geword het, en so die nasionalistiese vryheidsgevoel in die Noorde begin versinnebeeld het. Die vlag, wat ontwerp is deur Dominee Dirk van der Hof (eerste predikant van die Hervormde kerk in Transvaal), wapper vanjaar weer feestelik deur die ou Transvaal (ZAR).

“As mens die musiekvideo van Bok van Blerk kyk sien mens dat De la Rey onder die Vrystaatse vlag veg. Dog sou die ‘Leeu van die Wes-Transvaal’ stellig onder sy eie vierkleur veg”.

Dis die woorde van Barend Steyn, voorsitter van die Jakaranda Cantusgilde en een van die organiseerders van die ‘Jaar van die Vierkleur’ op kampus.

Daar word dié jaar ‘n hele klomp

geleenthede gebruik en geskep om die jaar van die Vierkleur te vier.

Volgens Steyn moet die grafiti-muur dopgehou word vir die Vierkleur wat gereeld sal verskyn om aksies te adverteer. Die volgende groot geleentheid waar die vlag gevier gaan word is tydens die Majuba fees van 23 tot 25 Februarie 2007 op die historiese slagveld waar die Transvaal tydens die Eerste Vryheidsoorlog (tydens die Slag van Majuba op 27 Februarie 1881) Engeland verslaan het en die Union Jack weer met die Vierkleur vervang het.

Eerskomende naweek se verrigtinge bestaan uit ‘n volkssaamtrek, ‘n begeleide toer deur die slagveld, ‘n fees-cantus, boeresport en baie pret. Daar word ‘n bus na Majuba gereël deur die Cantusgilde.

Vir verdere inligting oor die feesreëlings kontak Barend Steyn by 0832828922.

VSR LID VERDWYN

Joseph Steyn

Slegs vier VSR-lede het gekwalifiseer om op die oorgangs-VSR te dien. Van dié vier het een van die aarde af verdwyn. Volgens Joshua Oosthuizen (een van die enigste drie VSR lede) kon Angela Mamosela glad nie opgespoor word nie. Sy is na sy wete steeds vermis.

Die nuwe Grondwet het voorsiening gemaak vir 'n oorgangs-VSR van vyf lede uit die presidensie. Net een het die kriteria gehaal, en dit is toe uitgebrei na die hele ou VSR, waarvan slegs nog drie gekwalifiseer het. Volgens Oosthuizen is die nuwe grondwet se vereistes dat die studente 60% gemiddeld moet behaal of nagraadse navorsing in die minimum tyd moet

voltooi, hopeloos te hoog. Verder moes die studente ook nog vanjaar aan die UP studeer.

Met slegs vier kwalifiseerders, waarvan een vermis word, is dit onwaarskynlik dat die oorgangs-VSR studente se belange kan beskerm aangesien hulle 2 plekke op die Raad, vier in die Senaat en nog meer in die Institusionele Forum moet verteenwoordig.

Jaco Theunissen, VSR-president, is seker die eerste voorsitter in die geskiedenis van die VSR wat met slegs twee stemme verkies is.

Barend Uys 2006 VSR-sekretarisgeneraal het aan Dexter gesê dat dit net nog ‘n voorbeeld is hoe die nuwe VSR grondwet demokrasie tot bespotting maak.

Joop se stories...

Wat is Coin se M-telling?

Soos menige student het ek en 'n paar vriende besluit om Ienkmelodienk by te woon. Die aand verloop goed, maar na 'n ruk besluit ons om terug te keer koshuis toe. Helaas is dit dan ook hier waar die aand danksy ons geliefde “nuwe” SA skeefloop. Sien, ons kom toe op vier studente af wat 'n ouerige dame aanrand. En nie enige dame nie, 'n UP-personeellid. Ons staan toe geen ander keuse as om haar te hulp te snel nie. Die vier studente was toe blykbaar van ons befaamde M-telling 7 mediese studente! UP Sekuriteit gryp in, en besluit om die vier studente te arresteer. Hierop gee hulle die middelvinger saluut en spaander in alle rigtings. UP Sekuriteit (een op daardie stadium) vra toe dat ons hom help, waarop ons toe die vier M-telling 7's agternasit. Ons wil hulle egter nie vang nie, aangesien ons weet 'n M-telling 5 persoon sal in sy polities-ideologies vasgevangde spons dink dat dit rassisme of iets is. Ons los dit toe maar eerder vir Coin. Maar nou ja, ons geliefde Coin hou van opwinding, veral as dit behels dat hulle M-telling 7 studente kan beskerm teen M-telling 25 studente. Die effek was dus dat 'n M-telling 7 student wat vrouens aanrand voor hardloop, met 'n M-telling 25 student agterna, en 'n woedende M-telling 3 Coin op die spoor van diegene wat die aanrander probeer stop. Tussen-in raak UP Sekuriteit gefrustreerd dat Coin niks anders as M-telling 25 studente in die visier het, en nie die misdadigers wil vang nie. Gevolglik hardloop UP Sekuriteit weer agter Coin aan om hulle oë op die werklike probleem te vestig. Tussen massa studente deur hardloop ons dus in gelid, elkeen besig om die een voor hom te probeer inhaal. Maar helaas, die “gees” van die “nuwe” SA praat die hardste, en kort voor lank is die M-telling 7 mediese studente/aanrander rustig aan die wegstap, en al die M-telling 25 studente deur 'n peloton trotse Coin wagt vasgevat. Wat die klag is weet ons tot vandag toe nie, maar Coin het die volle omvang van hul M-telling 3 vermoëns ingespan, en tot die gevolgtrekking gekom dat as daar swart studente voor wit studente weghardloop, die wit studente absoluut alleen skuldig moet wees. Om aan Coin toe te verduidelik dat hul Comrades 'n vrou aangerand het, help ook niks. Dit was slegs nadat UP Sekuriteit ingegryp het, dat ons “vrygelaat” is. Soos hulle altyd sê: “Gelykheid is dalk 'n reg, maar geen krag op aarde kan dit verander in 'n feit nie.”

Jankejan

Bogenoemde is die skrywer se eie mening, en nie noodwendig die van Dexter nie.